AANVALLE (Plaas of Stad)

Hoe begin dit?

Jy tel moeilikheid met jou werker(s) op. Die werker gaan CCMA toe. Agent wag by die CCMA en praat met die werker. Agent bied hulp aan. Werker weet waar alles in jou huis staan. Aanval word gereël. Kostes word gedek deur goedere wat eers by jou bure en dan uit jou huis gesteel gaan word. Werkers tree op as informant vir die "hit squad".

Hele proses neem 8 tot 16 weke.
Eerste 8 weke: Tekens begin
Weke 8 - 16: Kan jy enige tyd aangeval word

Hoe kan jy dit probeer voorkom? Wat kan jy doen?

1. Moenie 'n sagte teiken wees nie. Hulle sal jou meestal uitlos as jy betrokke is by:
   1.1. buurtwag
   1.2. patrollies
   1.3. voetpatrollies
   1.4. jou bure
2. Oppas wat jy voor enige van jou werkers sê en doen.
   2.1. Moenie vir hulle sommer net geld leen nie. Skep die indruk dat jy eers moet gaan geld trek.
   2.2. Moenie datums van vakansies of enige planne bekend maak nie.
3. Gaan die lys van 35 vrae deur wat opgestel is deur met aanvallers te gesels (dit kom nog!).
4. Bewapen jouself (selfs met paintball geweer).
5. Oefen gereeld met jou wapen. Jou wapen hoort nie in die kluis nie. Oefen baie – hulle tel die hoeveelheid skote wat per sessie geoefen word (as jy by die huis oefen). As jy net bietjies op 'n slag oefen weet hulle jy gaan nie goed skiet nie.
6. Wees paraat ten alle tye – meeste aanvalle vind plaas in jou "comfort zone". Hulle weet presies wanneer en waar dit is. Aanvalle gewoonlik tussen 05:00 – 07:00 en 17:00 – 19:00.
7. Wissel jou roetines!!
   7.1. Moenie op dieselfde tyd ry en terugkeer elke dag nie;
   7.2. Moenie elke dag dieselfde roetes ry nie;
   7.3. Moenie op dieselfde tyd bad/stort, koffie maak, kos maak, ligte afsit ens. nie.
8. LOS TEKENS UIT! Die oomblik as jy daaraan begin peuter maak hulle dit kleiner sodat jy dit nie kan raaksien nie. As jy onseker is of gemors tekens is, vra jou werker (of 'n werker) om die pad skoon te maak. As hulle sekere gemors nie geskuif het nie, kan jy verseker sê dis 'n teken.

9. Maak seker dat daar nie donker kolle om jou huis in die aand is nie. Hulle toets vir beweging geaktiveerde ligte voor die tyd. Hulle gebruik die donker kolle tot hulle voordeel.
10. Diefwering – Spanish bars werk die beste – aanvalle en petrolbomme.
11. Kry vir jou 'n "starterpack". 'n Klein wakker hondjie (Jack Russel of Poodle) wat in die huis slaap en lawaai maak.
12. Moenie met jou honde raas as hulle in die huis wil inkom nie. As hulle bang is vir slae gaan hulle jou nie kom help as jy in die moeilikheid is nie.
13. Hou die deftige een op die straathoeke dop. Hulle is informante en los mekaar van tyd – tot – tyd af. Stop en vra vir hom wat soek hy daar. Dis jou reg. Dit wys ook vir hulle die omgewing is wakker en oplettend.
14. Let op na padtekens (veral in die aand). Sekere verf is net sigbaar as voertuig se ligte op hulle geskyn word.
15. Lees gereeld jou staatskoerant en bly op hoogte van veranderinge in die wet.

Wat om te doen en nie te doen tydens 'n aanval?

1. Oefen jou reaksieplanne/gebeurlikheid planne goed. Elkeen in die huis moet weet wat sy verantwoordelikheid in 'n aanval is. Selfs gaste wat by jou kuier of oorslaap moet weet wat jou plan is.
2. As jou honde blaf... gaan kyk vir aksie in die teenoorgestelde rigting. Hulle werk in groepe... een hou die honde besig terwyl die res jou van agteraf bekruip.
3. As jou alarm afgaan of jy hoor iemand in jou huis of 'n venster wat breek – gaan grond toe! Moenie regop kom en vir hulle 'n groot teiken skep nie. Beweeg gebukkend en so na aan die grond as moontlik.
4. Versteek 'n nood/ekstra selfoon êrens in jou huis sodat jy noodoproepe kan maak as die aanvallers weg is. Hulle vat meeste kere al die selfone.
5. Hê 'n versekeringspolis.....! (Bel my as julle nie verstaan nie!)
6. Skiet altyd beheerde rondtes af.
7. Moenie braaf wees nie!
8. Moet nooit jou aanvaller in die oë kyk nie. Hulle is bang jy herken hulle na die tyd.
   8.1. Werk saam.
9. Beweeg stadig. Voor jy beweeg, praat met hulle en sê vir hulle wat jy beplan om te doen. Bv. As jy sleutels uit jou sak moet haal.
10. Moenie vir hulle wys jy is bang vir hulle nie, maar moet ook nie aggressie wys nie.
11. As jy 'n kans kry om die wapen af te vat of aan te val gebruik dit.

TEKENS

WIT (Plastieksakke/ou meelsakke) - Lekker
Aandagtrekker – begin van aksie

ROOI - Gevaar
Coke blikkie/proppie of enige iets wat rooi is.

WIT en ROOI gemeng – Gewoonlik Dagga

BLOU – Kyk na spesifieke persoon (Onderhandeling)
Bottel of sak. Daar is 'n werker wat inligting sal gee.
Bottel wat leeg is beteken kyk na die werker se reaksie op vrae
Bottel met skoon water beteken hy sal maklik saamwerk.
Bottel met vuil water beteken hy sal moeilik saamwerk.

GEEL – Verandering kom, planne verander/roete afdraai
Meestal 'n sak

GEEL/WIT/GEEL:
Kyk 90° jy is hier.

GROEN – Regte rigting
Jy is veiling en in die regte rigting oppad. Bv. boomtakkies wat nie in die omgewing gevind word nie.

BRUIN – Teiken
Stok punt gebrand en wys in die rigting van die aksie. Sak of bottel kan gebruik word. Ook gebreekte bruik tak en wys in die rigting van die teiken.

SWART/GRYS – Wees versigting

ORANJE/PIENK – Let op, kyk fyn
Soos bv. toue – Kyk rond.

WIT/PIENK: Voetpad
Soos bv. 'n slaghuis boot.

SIMBATJIPS PAKKIE:
As die leeu se gesig na die huis toe wys – die man is tuis
As die blink agterkant van die pakkie huis toe wys – die man is nie tuis nie

UITGEREKTE/TREKTE TAPE – Opleiding
Soos bv. ou VHS tapes. Beteken dat daar 'n opleidingskamp/basis in die omgewing is.

VINKNESSIES/NESSIE – Huis is betrokke
BEEN – Daar bly nie ‘n man in die huis nie
POLISTEREEN – Teiken area
WIRING HARNESS VAN ‘N KAR – Voertuigdiefstal gaan plaasvind
BEES/SKAAPVEL AAN HEINING – Veediefstal gaan plaasvind
GEBREEKTE STOK – Moord (huurmoord) – Breek lewe
GEKNAKTE STOK – Verkragting – Knak lewe
SWASTIKA – Punt wys na huis wat geroof gaan word
3 KLIPPE OPMEKAAR GEPAK – Bushalte – voertuie stop daar
KONKRUIT BLOK MET PADTEKEN IN + ‘N GEPAKTE KLIP – Posbus – Inligting/items word daar gelos/opgetel
CHEVRON TEKEN MET GEBUIGDE HOEKIE – Posbus
DRAAD OF STOK IN DIE VORM VAN ‘N KIERIE – Ouman

3 KLIPPIES VOOR JOU HEK – Hek is nog toe – aanval nog nie aan nie
Ewe vêr gespasieer (1m, 1½m of 2m) in ‘n reguit horisontale lyn
As middelste klippie weggevat word beteken dit die hek is nou oop en die aanval gaan voort.

BLIKKIE OP JOU HEINING – SNELLER
Kan ook Fanta blikkies wees. Aanval gaan binne 8 tot 24 uur plaasvind.